

# KREATIWITEIT

met David

DAVID VILJOEN, kreatiewe landskapsontwerper en tuinboukundige



## Om twee wêrelde bymekaar te bring

**O**ngeveer twee jaar gelede moes ek 'n troue beplan en koördineer en aangesien beide die man en vrou eers laat in hul lewens besluit het om te trou, het albei al hulle eie, gevestigde, volgemeubeleerde wonings gehad.

Trougeskenke sou dus vir almal 'n tameletjie wees, want wat koop 'n mens vir iemand wat reeds alles het en die kans boonop groot is dat daar in sommige gevalle selfs twee van 'n item sal wees?

Die egpaar se plan was om ná hul wittebrood saam in 'n nuwe huis in te trek om só 'n nuwe begin aan te kondig. Die huis sou egter uit sy nate bars met albei se besittings en iemand moes besluit wat moes saamtrek en wat moes agterbly – daar is besluit op 'n derde party vir hierdie taak en daardie persoon was ek!

Om nog meer hooi op my vurk te laai, was die tuin ook my verantwoordelikheid. Die nuwe woning moes kant en klaar wees, binne en buite, met hulle terugkeer vanaf hul eksotiese wittebrood, aangesien die nuwe bruidegom sy bruid oor die voorhek se drumpel sowel as die voordeur se drumpel wou dra. Die spanning was groot om die verrassing betyds te voltooi vir die nuwe egpaar.

Tydens 'n paar konsultasies in beide se bestaande wonings, kon ek mooi vasstel waarvan hul gehou het om hulself mee te omring. Een vereiste wat hulle aan my gestel het, was dat die huis en die tuin inmekaar moes vloei om 'n eenheid te vorm. Om 'n nuwe tuiste vir iemand anders te skep, verg baie koprap, veral as dit vir twee uiteenlopende persoonlikhede is. 'n Nuwe uitdaging is egter altyd welkom.

Ek het baie moeite gedoen om die tuinontwerp visueel so mooi as moontlik op plan vas te lê, aangesien ek dit graag as 'n kunswerk wou raam en teen een van die huis se mure wou hang. As trougeskenk kon die gaste dan enige van die tuinprodukte borg, waarna hul naam/name langs die produk se skematiese voorstelling op die plan aangebring sou word. Sommer vinnig het die tuinprodukte op die plan kopers gekry.

Die tuin sou 'n lewende monument wees van al die spesiale gaste wat by hulle bruilof was, terwyl die binne-leefarea verteenwoordigend van die egpaar self sou wees.

In die huis was dit 'n perd van 'n heel ander kleur wat ek moes opsaal. Ek moes die elemente wat beskikbaar was vanuit hulle "vorige lewens" mooi meng en pas om die twee wêrelde sinvol en aanspreeklik bymekaar te bring. Boonop moes 'n klein begroting dit alles maak werk.

In ontwerpsterme praat ons dikwels van items wat "hande vashou" en hiermee bedoel ons dat die verskillende items gelukkig saam 'n

eenheid moet vorm met mekaar; sonder om te bots. Hier volg 'n paar wenke wat ek toegepas het om in hierdie woning suksesvolle groepeerings tot stand te bring wat maklik in enige ander huis ook toegepas kan word:

Ek het begin om foto's te neem van al die items in die twee huise en agter op elke foto het ek die presiese mates van elke item aangebring. Tweedens het ek die twee groepe foto's deurmekaargeskommel en begin uitsorteer.

My heel eerste taak was om al die foto's wat visueel bymekaargepas het ten opsigte van kleur, saam te groepeer. Hieruit het 'n paar moontlike kleurskakerings ontstaan en met die hulp van verfkleurkaarte wat verniet beskikbaar is by enige verfhandelaar, kon ek 'n mooi prentjie vorm van elke gevoel of atmosfeer wat ek met kleur wou skep.

Die volgende taak was om te besluit watter items bymekaar hoort ten opsigte van hul gebruik en ook moontlik die vertrek wat dit moes huisves.

Om alles te maak pas, inaggenome elke item se individuele grootte, het ek begin deur die items wat die grootste grondoppervlak in beslag sou neem se groottes (volgens skaal) op gekleurde karton aan te bring. So het elke 2 cm op papier 1 m in realiteit voorgestel. Dit is 'n maklike, werkbare skaal om te gebruik. Deur die uitgeknipte "items" rond te skuif op 'n vloerplan van dieselfde skaal (skaal 1:50), kon ek alles ingepas kry. Dit is veel makliker om gekleurde karton-items op 'n vloerplan rond te skuif as om die regte meubelstukke oor te trek en dan met moeite binne vertrekke rond te skuif.

Deur hierdie metode te volg, het eertydse slaapkamergordyne in die ingangsportaal opgeëindig en 'n antieke staanlamp sommer in die kombuis. Van die ornamente wat gemaak was om te staan, is netjies teen die muur geraam. Dit was vet pret (en 'n groot verligting) toe alles mooi in plek begin val het. Al moes ek tog op die ou einde tussen die buite- en die binne-leefareas rondhardloop om alles op hulle voorafbepaalde plekke te kry, was die taak soveel makliker gemaak deur sorgvuldige beplanning.

Al die trougaste het weer reünie gehou by die nuwe woning en die egpaar ingewag met hulle terugkeer van hul wittebrood af. Die eindproduk was werklik iets besonder en die uitdrukking op almal se gesigte was prysloos.

Maar die grootste beloning op al die harde werk, was die effek van hoe hulle nuwe blyplek nou daar uitgesien het, op die bruidegom... Hy moes sy bruid eers neersit voor hy haar oor die drumpel kon dra, want sy emosies het hom vir 'n wyle beetgekry en daar was selfs 'n paar tranes wat weggepink moes word. ■

**Vir navrae, skakel David Viljoen van Mercury Designs by 011 894 2430 of 082 468 3142, of stuur vir hom 'n e-pos na: [david@mercurydesigns.co.za](mailto:david@mercurydesigns.co.za). Gaan hou ook van ons Facebook-bladsy "Wysboek op Facebook".**



Wysboek op Facebook

